

**Vrydag 17 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 53:1-7 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Psalm 53:5**

**Terwyl die dwaas dink daar is geen God ... kom die verlossing steeds uit Sion**

**W**ie onthou nog 6 Januarie 2009? Dit was die datum toe Richard Dawkins en klie die ateïstiese busveldtog met die frase "There's probably no god. Now stop worrying and enjoy your life" geloods het. Dit was die begin van die Agressiewe Ateïstiese-beweging.

Maar nou, meer as tien jaar later, is daar maar min stoom oor. Die dwaas moes die aftog blaas, want sy bene lê verstrooid op die slagveld, verstrooi onder die sterk apologetiese ontwaking van die kerk. Tog weet ons dat mense steeds nie in geloof in-geredeneer kan word nie, want uiteindelik is die mens tog maar in sy wese net sleg. Daar is waarlik niemand wat goed doen nie, soos vers 4 ons leer.

Die verlossing uit Sion is steeds die enigste manier om gered te word. Ons Here Jesus Christus wat sy lewe aflê in Jerusalem, sodat ons op grond van sy volmaakte offer gered kan word.

Tog sien ons met hartseer steeds 'n samelewing rondom ons wat hulle naaste opeet soos brood en weier om God te dien, selfs al beskou meeste van hulle hulself as Christengelowiges. Weet hulle dan nie van die vreeslike ding wat sal gebeur aan die voleinding van die wêreld nie? Maar meer as dit nog, ken hulle nie die Verlosser uit Sion nie?

Kom ons gaan leef vandag aktief die alternatief tot jou naaste soos brood opeet, uit. Kom ons gaan dien God in die genade van die Verlosser uit Sion.

*Sing: Psalm 53-1: 1, 4*

*Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)*